Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# GRAAD 11

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 1

# JUNIE 2018

**PUNTE : 120**

**TYD : 2½ URE**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1
## GEMEENSKAPLIKE TAAK

**DATUM:** JUNIE 2018 **GRAAD:** 11
**TYD:** 2½ URE **TOTAAL:** 120

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**
Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

1. Beantwoord AL die vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 | 30 punte |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | 10 punte |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3 - 5 | 40 punte |
| AFDELING D | LETTERKUNDE | VRAAG 6 | 40 punte |

2. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

3. Trek 'n streep na elke afdeling.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## Afdeling A: Kyk- en leesbegrip

### Vraag 1: Tydskrifartikel

### Teks A

Lees die volgende artikel aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Verander Suid-Afrika – een leier op ’n slag**

1 Met ’n groot tekort aan Wiskunde-onderwysers en gedurige stakings het die 16-jarige Miranda Nyathi, ’n leerling aan die Ndzondelelo Hoërskool naby Port Elizabeth, besluit om self iets te doen. Miranda het begin om middagklasse te gee en haar maats ook op Saterdae met Wiskunde te help.

2 Sy het besef sy moet die program uitbrei om ander vakke soos Geografie en Wetenskap in te sluit. En hoewel sy al haar vrye tyd opoffer om die klasse aan te bied, is Miranda ’n aktiewe deelnemer aan die Ubuntu Education Fund se gemeenskapsprogramme. Sy is nou ook besig om ’n Wetenskap-klub op die been te bring naby haar huis in Kwa-Zakhele, waar sy saam met haar ouma woon.

3 Op ’n vraag met wie sy graag vir een dag sal wil plekke ruil, sê sy: “Die Minister van Onderwys, Angie Motshekga. Ek sou graag veranderinge wou aanbring as ek in haar posisie is. Ek sal na die infrastruktuur kyk en sorg dat dit bevorderlik vir leer is. Ek sal sekuriteit by skole verbeter sodat leerders veilig kan voel met beskerming teen korrupte leerders. Sy wil ook sorg dat idees om die onderwys te verbeter, uitgevoer word.”

4 Miranda gaan nou een van die leerders aan die African Leadership Academy word. Fred Swaniker, die stigter van die skool, sê: “Afrika het ’n paar duisend Mirandas nodig om sy potensiaal te bereik.” Die skool gaan veral leerders oplei in leierskap en entrepreneurskap.

5 Die skool hoop dus om een leier op ’n slag op te lei wat oor ’n paar jaar sy of haar kennis sal terugploeg in die land en so dan ’n verskil sal maak.

[*FINWEEK*, 19 Junie 2017, bl. 76. Verkort en aangepas]

1.1 Watter woord in die opskrif van die artikel sê vir ons dat sake nie dieselfde gaan bly nie? (1)

1.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.

As daar ’n **tekort** aan onderwysers is, beteken dit dat daar te (veel/min) onderwysers is. (1)

1.3 Gee TWEE redes waarom Miranda self besluit het om Wiskunde-klasse te gee. (2)

1.4 Hoe oud is Miranda? (1)

1.5 Naby watter dorp is Miranda se hoërskool? (1)

1.6 Wanneer bied Miranda Wiskunde-klasse aan? (2)

1.7 Gee een rede waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Miranda help net met Wiskunde-klasse. (1)

1.8 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.8) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.8 E.

In paragraaf 2 word gesê dat Miranda ‘n klub op die been gebring het.
**op die been bring** beteken om iets te …

A begin
B versorg
C laat staan
D leer. (1)

1.9 By wie bly Miranda? (1)

1.10 Met wie sou Miranda graag plekke wil ruil? (1)

1.11 Waarom wou Miranda met die persoon in Vraag 1.10 plekke ruil? (1)

1.12 Hoe sou Miranda leerders laat veiliger voel? (1)

1.13 Kies die woord tussen hakies wat pas.

**Sekuriteit** het te doen met (verbetering, beskerming, verandering). (1)

1.14 Volgens jou, wat doen leerders wat korrup is.
Noem TWEE voorbeelde. (2)

1.15 Kies die woord tussen hakies wat die beste pas.

Die stigter van die skool is die persoon wat die skool (begin, beëindig) het. (1)

1.16 Dink jy Miranda voel dat die idees om onderwys te verbeter nou uitgevoer word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Waarin gaan kandidate aan die Academy opgelei word? Noem TWEE aspekte. (2)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.18) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.18 E.

Hoeveel kandidate gaan op 'n slag opgelei word?

A verskeie
B geen
C een
D tien (1)

1.19 Haal EEN woord uit paragraaf 5 aan wat bewys dat die leerders dit wat hulle by die skool leer, eendag aan die land sal teruggee. (1)

1.20 Dink jy Miranda is 'n goeie leerder? Motiveer jou antwoord. (1)

**[24]**

**TEKS B: PRENT**

Bestudeer die prent en die teks en beantwoord die vrae wat volg.




1.21 Watter woord in die opskrif sê dat SA goeie herwinning doen? (1)

1.22 Watter produk word die meeste herwin? (1)

1.23 Watter land herwin die minste glas? (1)

1.24 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Die % - simbool stel die (persentsie/afkorting) voor. (1)

1.25 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.25) en die letter (A - D) neer, byvoorbeeld 1.25 D.

Die doel van die visuele teks is om vir ons te wys hoeveel herwinning van sekere produkte in … gedoen word.

A die wêreld
B ander lande
C Suid-Afrika
D die VSA

(1)

1.26 Waarom noem ons hierdie teks ‘n visuele teks? Gee EEN rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Afdeling B: Opsomming.**




**Vraag 2**

**Instruksies**

- Lees die volgende teks aandagtig deur.
- Haal SEWE wenke uit die leesstuk om te wys hoe ons rommel kan hergebruik.
- Skryf die sewe wenke in volsinne neer.
- Jou opsomming moet tussen 50 en 60 woorde wees.
- Skryf die aantal woorde in hakies aan die einde van die opsomming neer.

**Wenke om rommel te hergebruik**

1 Koop produkte wat van herbenutte stowwe gemaak is. Van herwinde papier kan jy tioletpapier, eierhouers en bruinpapiersakke maak. Papier skep gasse as dit verrot. Dit is vlambaar. Dit kan vullishope laat ontplof.

2 Badwater kan gebruik word om die plante in jou tuin nat te maak. Badwater bevat nie gifstowwe nie. Die water sal nie die plante doodmaak nie.

3 Leë plastiekhouers kan weer gebruik word om iets anders in te bêre. Jy kan spykers en knope in leë roomysbakke en jogurthouers bêre.

4 Probeer om nie rommel te koop nie. Neem leë houers saam na die winkel as jy gaan inkopies doen.

5 Deel jou afval op in glas, papier en plastiek. Hou dit uitmekaar. Herwinningsmaatskappye kan jou inlig waarheen om die afval te neem.



6 Hoor by jou winkelbestuurder vir watter bottels hy jou sal betaal. Verkoop jou leë bottels aan winkels. Jy kan geld maak deur leë bottels aan winkels te verkoop.

7 Verrotte goed soos koffiemoer, teeblare en skille kan in die tuin gegooi word. Dit ontbind vinnig. Erdwurms breek die afval af tot kompos.

[Uit *Klein Burger*, 24 Mei 2008, bl.47. Aangepas en verkort.]

**AFDELING B TOTAAL = (10)**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

## TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.

**Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




3.1 Hoe vestig die adverteerder die leser se aandag op die woord: Consol? (1)

3.2 Wat is Consol se slagspreuk? (1)

3.3 Wat word gebruik om glas te maak? (1)

3.4 Watter groentesoort word in die advertensie gebruik? (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die leesteken aan die einde van die sin is ‘n (vraagteken/uitroepteken):

Die beste verpakking kom uit die grond! (1)

3.6 Skryf EEN WOORD neer wat die adverteerder in hierdie sin gebruik om direk met die leser te praat.

Dit is dus nie net goed vir die produkte wat jy gebruik nie, maar goed vir die omgewing ook. (1)

3.7 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die adverteerder sê: "Glas kan breek." (1)

3.8 Skryf die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies.

Glasprodukte is (goedkoop). (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Glas is jare (gelede / verlede) gebruik om melk in te bêre. (1)

3.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A - D) neer, byvoorbeeld 1.10 D.

Die doel van die advertensie teks is om …

A te wys waarvoor groente gebruik word.
B te wys dat groente in 'n baie goeie verpakking is.
C mense te oortuig dat glas 'n goeie verpakking is.
D te sê dat glas sterk is en herwin kan word. (1)

**TOTAAL: 10**

**Vraag 4**
**(Teks E)**

Kyk na die volgende strokie.
Beantwoord dan die volgende taalvrae wat daarop gebaseer is.



4.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die skoonpa het sy (oog) laat toets. (1)

4.2 Kies die korrekte VOORSETSEL.

Die bobbejaan en die leeu gesels (oor / met) mekaar oor die oogtoets. (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord in die raampie.

Wat noem ons die mense wat langs ons bly?

| | | |
|---|---|---|
| broeders; | familie; | bure |

(1)

4.4 Gee ‘n SINONIEM (woord wat dieselfde beteken) as die woord in hakies.

Die skoonpa het die oogtoets (gedop). (1)

4.5 Van watter woord is “daai” (raampie 2) ‘n verkorte vorm? (1)

4.6 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van “skoonpa”. (1)

4.7 In die prentjie vra die leeu: “Is hy dan blind?” Skryf die vraag en begin so:

Die leeu vra … (1)

4.8 Skryf in die sin in die ONTKENNEND VORM.
Kan die skoonpa Engels lees? Begin so:

Nee, die … (1)

4.9 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die leeu kyk na die bobbejaan. (1)

4.10 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

As ‘n persoon blind is kan hy nie (sien / hoor) nie. (1)
[10]

**Vraag 5**

5.1 Lees die leesteks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

1) Lindiwe Selani het (5.1.1) 5 kinders. Bongani is (5.1.2) (sy/haar) seun.
2) Velede week was een van die (5.1.3) kind, Bongani, siek en Lindiwe het hom kliniek toe geneem. (5.1.4) Party siek mense drink pille.
3) Die (5.1.5) dr. het Bongani ondersoek en vir hom medisyn gegee.
4) Daarna het hulle (5.1.7) (na/by) die winkel gegaan. (5.1.8) Die winkel (naby) (die kliniek) (is).
5) Lindiwe wil (5.1.9) (klere/kleure) koop vir Bongani. Sy broek is (5.1.10) (om te/te) klein.
6) Sy het egter niks gekoop nie want alles in (5.1.11) ('n/die) winkel was baie duur.
7) Lindiwe (5.1.12) sê sy sal liewer saterdag by die supermark gaan kyk waar alles goedkoper is.
8) Die items by die supermark is (5.1.14) (mooi) as dié by die winkel.

5.1.1 Skryf die getal 5 in woorde. (Reël 1) (1)

5.1.2 Gee die korrekte VOORNAAMWOORD.

Bongani is (sy / haar) seun. (1)

5.1.3 Gee die MEERVOUD van die woord kind. (1)

5.1.4 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Party siek mense drink pille. (1)

5.1.5 Skryf die AFKORTING dr. uit in 'n woord. (1)

5.1.6 Verbeter die SPELFOUT in sin 3.

Die dr. het Bongani ondersoek en vir hom medisyn gegee. (1)

5.1.7 Kies die korrekte VOORSETSEL.

Daarna het hulle (na/by) die winkel gegaan. (1)

5.1.8 Skryf die sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Die winkel (naby) (die kliniek) (is). (1)

5.1.9 Kies die KORREKTE woord.

Lindiwe wil (klere / kleure) koop vir Bongani. (1)

5.1.10 Kies die korrekte INFINITIEF.

Sy broek is (om te / te) klein. (1)

5.1.11 Kies die korrekte LIDWOORD.

Sy het egter niks gekoop nie want alles in (‘n/die) winkel was baie duur. (1)

5.1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.1.12) en die letter (A – D) neer.

Watter skryfteken word in die woord “sê” gebruik?

A Deelteken
B Koppelteken
C Aksentteken
D Kappie (1)

5.1.13 Skryf die woord neer wat met ‘n HOOFLETTER geskryf moet word.

Lindiwe sê sy sal liewer saterdag by die supermark gaan kyk waar alles goedkoper is. (1)


5.1.14 Gebruik die regte TRAP VAN VERGELYKING.

Die items by die supermark is (mooi) as dié by die winkel. (1)

**TEKS G**

- Die vrae wat volg is op die prent gebasseer.

Bestudeer hierdie prent goed en beantwoord daarna die vrae wat daarop gebaseer is.



Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Jy maak jou sambreel (oop/toe) as dit reën. | (1) |
| 5.2.2 | Die man loop in die reën. Hy is so nat soos 'n (buffel/kat) 99 | (1) |
| 5.2.3 | Ek hou nie van die (koud/koue) water nie. | (1) |
| 5.2.4 | Die water spat (hoog/hoër) as die kar. | (1) |
| 5.2.5 | Die reën val (hart/hard) op die grond. | (1) |
| 5.2.6 | Ons (weet/ken) dit reën, want die water loop deur die strate. | (1) **[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**